VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

03 JUNIE 2020
HERDERSBRIEF #27B

Geliefde gemeente,

Met hierdie herdersbrief, wil ons die twee aspekte van ***Joh. 17:1*** en ***1 Kron. 12:18***, in behandeling neem.

Ons moet tog almal daarvan kennis neem, dat Jesus Christus ons so liefhet, dat hy gesê het en gebid het: *"Vader Ek wil hê dat hulle sal wees waar Ek is"* – ***Joh. 17:24***. Jesus begeer dat elkeen van ons, by Hom sal wees. Sien jouself: soos wat jy tans jou lewe inrig; soos wat jy tans die stryd stry; met jou huidige oortuigings en foute; nogtans, alhoewel ons Hom teleurstel, wil Hy dat jy sal wees waar Hy is.

Dit is ons vreugde, ons hoop en behoort ook ons verlange te wees. Begryp dus asseblief die rede vir ons belangstelling, betrokkenheid en motivering. Ons behoort dus almal 'n gemeenskaplike doel te hê.

Ons het dus die belofte: dat dit die Godsverwagting is om **ONS TE VERHEERLIK**, sodat ons **HOM KAN VERHEERLIK**.

Ons behoort dus onsself die vraag af te vra: Wat beteken dit prakties? Hoe kan ons Hom verheerlik?

**DIE WAARHEID VAN: GOD VERHEERLIK ONS**:

- God gee ons van Sy Gees – ***1 Joh. 3:24***.
- Die Vader verander ons lot – ***Ps. 126:1***.
- God beskik vir ons Sy doel – ***Ef. 1:10 / Spr. 16:4***
- Om met Hom beklee te wees – ***Rom. 13:14***;
  en Hom aan te kleef – ***Jes. 64:7***.
- Die heerlikheid om gelykvormig, aan Sy beeld te mag wees – ***Rom. 8:29***.

Al bogenoemde punte kan slegs ervaar word, indien ons gewilliglik, onderworpe is aan die Gees van Christus.

Bogenoemde aspekte, behoort deel te wees van ons geestelike lewe, omrede ons Jesus Christus liefhet – ***1 Kor. 16:22***.

Ek vertrou dat u, hiervan 'n studie sal maak, en indien daar enige vrae is, neem die vrymoedigheid om my te skakel.

Seëngroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335